



Fokus

Fokus is 'n rubriek waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan 'n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

Inhoudsopgawe

Steve Moyise

Die Ou Testament in die Nuwe Testament: interpretasiemodelle/
*The Old Testament in the New Testament: Models for
interpretation*

131



FOKUS

Die Ou Testament in die Nuwe Testament: interpretasiemodelle¹

Steve Moyise
Bishop Otter Centre for Theology and Ministry
University College
Chichester
ENGELAND
E-pos: s.moyise@ucc.ac.uk

Abstract

The Old Testament in the New Testament: Models for interpretation

It is a common practice for studies of the use of the Old Testament in the New Testament to summarise the complex Greek and Hebrew data under a single designation, such as “prophecy and fulfilment” or “messianic exegesis”. In this article, I discuss seven different models that are used in scholarly discussion of the Old Testament in the New Testament and offer an evaluation of their various strengths and weaknesses. I conclude that each model has its limitations and indeed distorts the evidence if pushed too far. The implications are that greater clarity would result if (1) scholars acknowledged the model or models that they are using; and (2) a multi-dimensional approach was adopted.

Opsomming

Die Ou Testament in die Nuwe Testament: interpretasiemodelle

Dit is ’n algemene praktyk wanneer nagegaan word hoe die Ou Testament in die Nuwe Testament gebruik word dat die komplekse Griekse en Hebreeuse inligting onder een noemer opgesom word, byvoorbeeld “profesie en vervulling” of “messiaanse eksegesis”. In hierdie artikel bespreek ek sewe verskillende modelle wat in die navorsing oor die Ou Testament in die Nuwe Testament gebruik word. ’n Evaluering van die verskillende sterk en swak punte van dié modelle word ook gebied. Ek kom tot die gevolgtrekking dat elke model sy beperkings het en dat dit inderdaad die getuienis verdraai wanneer dit rigied gebruik word. Die implikasies is dat daar groter duidelikheid sal kom wanneer (1) navorsers die model of modelle

1 Vertaler: Krister Janse van Rensburg.

wat hulle gebruik, erken; en (2) daar van 'n multidimensionele benadering gebruik gemaak word.

1. Inleiding

In sy monografie oor die gebruik van die Ou Testament in Openbaring, gebruik Greg Beale (1998:51-2) die volgende analogie. Die gebruik van die Ou Testament in Openbaring, sê hy, is amper soos om 'n appel van 'n boom af te pluk en dit dan in 'n vrugterangskikking te plaas. Alhoewel die appel nou 'n ander funksie het, en daarom ook nuwe duiding in sy nuwe konteks verkry, verloor die appel nooit sy identiteit as appel nie, omdat dit die vrug van 'n bepaalde soort boom is. Sy argument is dat, terwyl Ou-Testamentiese tekste wel nuwe *duiding* mag kry wanneer dit in nuwe kontekste gebruik word, dit nooit 'n verandering in die *betekenis* daarvan teweegbring nie. Die appel mag dalk anders *lyk* in die vrugterangskikking, maar tog bly dit 'n appel en sal dit nooit 'n peer word nie.

Hierdie siening het tot 'n hewige debat gelei oor die vraag of hierdie tipe analogie Johannes se gebruik van die Ou Testament akkuraat beskryf. Baie navorsers redeneer byvoorbeeld dat Johannes wel die betekenis van die Ou-Testamentiese bronne wat hy gebruik, verander. Die profetiese beskrywing van Christus in Openbaring 1:12-18 steun byvoorbeeld op die Ou-Testamentiese beskrywings van God (Dan. 7:9), engele (Dan. 7:13), iemand soos 'n menslike wese (Dan. 7:13), die dienaar van Jesaja (Jes. 49:2), en die glans van die son (Rig. 5:31 LXX). Dit is moeilik om te sien hoe hierdie kreatiewe kombinasie van bronne die oorspronklike betekenis van die tekste behou. Om hierdie rede voer ek aan (Moyise, 1999:54-8) dat die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament in Openbaring *nie* is soos om 'n appel van 'n boom af te pluk en in 'n vrugtebak te sit nie; die analogie is inderwaarheid misleidend.

2. Die gebruik van modelle

Die debat wys egter 'n belangrike saak uit. Die studie van die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament het dikwels staatgemaak op bepaalde modelle om te beskryf hoe tekste interaktief op mekaar inwerk, maar tog is die model self dikwels nie ondersoek nie. In hierdie artikel wil ek die algemeenste modelle vir die beskrywing van die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament bespreek, en 'n evaluering gee van hulle onderskeie sterk en swak punte. Die eerste drie modelle word direk uit die Nuwe Testament afgelei en toon aan hoe hierdie saak deur die Nuwe-Testamentiese outeurs van die eerste eeu beskou kon gewees het. Hierdie drie modelle is egter nie noodwendig hoe dit vir ons in die een-en-twintigste eeu lyk nie. Die volgende vier modelle uit on-

langse wetenskaplike publikasies hieroor gee blyke van verskillende perspektiewe hierop.

2.1 Belofte en vervulling

Die model wat die langste standhou, is waarskynlik die een van belofte en vervulling. Dit is selfs so beduidend dat sommige mense oortuig is dat dit nie 'n *model* is nie. Wanneer 'n mens Matteus se formule-aanhalings saamlees met Lukas se Nasaretpreek – waar Jesus sê: “Vandag is hierdie Skrif vervul”, wil dit voorkom asof dit inderdaad om belofte en vervulling gaan in hierdie twee Evangelies. Dieselfde geld van die opsommende stellings in Lukas 24 waar Jesus aantoon hoedat die wet, die profete en die psalms almal na Hom verwys. Johannes gebruik *pleroun* (vervul) vir Judas se bedrog, die wêreld se haat jeens Jesus, dat hulle lootjies getrek het vir sy klere en die feit dat Jesus se bene tydens die kruisiging nie gebreek is nie. Die verskynsel van belofte en vervulling kom ook voor in die toesprake in Handeling 3 en 13. Daarom is belofte en vervulling vir baie navorsers nie 'n “model” vir die verstaan van die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament nie, maar eerder 'n beskrywing van die feitelike situasie. Die outeurs van Nuwe Testament het grootliks gedink in terme van beloftes wat vervul is in die lewe van Jesus en die geboorte van die Kerk.

Die opkoms van die Historiese Kritiek het egter, ten spyte van die lang geskiedenis van hierdie standpunt, vrae laat ontstaan of dit geldig is om al die tekste wat in die Nuwe Testament aangehaal word, te beskryf as “belofte”. Byvoorbeeld, alhoewel tekste uit Jesaja 7:14 en Miga 5:2 se werkwoorde toekomstig is, is dit nie die geval met die ander aanhalings in Matteus se beskrywing van Jesus se kinderjare nie (Hos. 11:1; Jer. 31:15). Beoordeel op grond van algemene taalgebruik is hierdie tekste nie beloftes wat wag om vervul te word nie. Verder kan Jesaja 7:14 en Miga 5:2 slegs aangehaal word as beloftes indien hulle losgemaak word van hulle kontekste en indien hulle grammatika gedokter word. Jesaja 7:14, soos goed bekend, word aangehaal volgens die Griekse vertaling wat *parthenos* (“maagd”) gebruik vir die Hebreeuse *alma* (“jong vrou”, soos in die 1983-Vertaling). En by Miga 5:2 word die woord *oudamos* (“beslis nie”) ingevoeg voor “gebied van Juda”, wat die betekenis net mooi omkeer (vergelyk die aanhaling in Matt. 2:6 met Miga 5:2). Juis daarom kom Grollenberg (1988: 7) tot die volgende gevolgtrekking:

... the first Christians were not concerned with what the authors of the ancient text had wanted to say. That is something that we moderns ask about. They inferred the meaning of the ancient text from the events brought about by God in which they themselves were involved.

2.2 Die sluier weggeneem

Grollenberg se gevolgtrekking het gelei tot die standpunt dat die outeurs van die Nuwe Testament nie probeer sê het wat die teks beteken het voor die koms van Christus nie. Hoekom sou hulle dit wou doen? Hulle het eerder probeer om die antieke tekste te interpreteer teen die agtergrond van wat hulle nou (in hulle tyd) weet, en wat hulle toe ervaar het. Die impetus vir hierdie beskouing het ongetwyfeld gekom na die ontdekking van die Dooie See-rolle, waarin talle tekste gelees is teen die agtergrond van die geskiedenis van die Qumran-gemeenskap en hulle leiersfigure. Die Bybelse regverdiging vir die “sluier weggeneem”-model is die duidelikste in 2 Korintiërs 3:14-15, waar Paulus die sluier-beeld gebruik:

Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in hom glo. Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand.

Die doel van die sluier in die oorspronklike verhaal (Eks. 34) was om te keer dat die mense Moses se blink gesig sien. Die sluier was nie net 'n sonskerm wat Moses bietjie weggesteek het nie, maar 'n “bedekking” om die gesig van Moses heeltemal toe te maak. En wanneer Paulus dit nou toepas op “die lees van Moses”, sê hy dat hierdie selfde “sluier” nou hulle verstand toemaak, met ander woorde, hulle kan nie sien wat daar is totdat hulle hulle tot God wend en die sluier weggeneem word nie. As 'n model vir die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament, is dit duidelik dat die klem op diskontinuiteit lê. Die outeurs van die Nuwe Testament kon nuwe betekenis vir die ou tekste aanbied, omdat hulle nie meer deur die sluier verhinder word nie. Dit gaan nie meer oor die vraag of die outeurs van die Nuwe Testament die oorspronklike betekenis van die ou tekste respekteer nie. Hulle het geglo dat aan hulle *vir die eerste keer* die ware betekenis van hierdie tekste gegee is. Dit lyk asof dit presies is wat die Habakkuk-komentator by Qumran geglo het, as hy sê:

... and God told Habakkuk to write down that which would happen to the final generation, but He did not make known to him ‘the fulness of that time’ (Brownlee)/ ‘when time would come to an end’ (Vermes). And as for that which He said, That he who reads may read it speedily: interpreted this concerns the teacher of Righteousness, to whom God made known all the mysteries of the words of His servants the prophets (1QpHab 7:1-5).

2.3 Geskryf om ons te leer

Romeine 15:4 bied skynbaar 'n derde alternatief vir “belofte-vervulling”- en “sluier weggeneem”-analogieë. Paulus het so pas Psalm 69:9 aangehaal en sê dan: “Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees”

En 1 Korintiërs 9:8 staaf dit. Paulus haal eers die wetsteks (wat alles behalwe 'n belofte-tekst is) aan wat lui: “Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie” (Deut. 25:4). Hy vra dan retories: “Is dit miskien oor die beeste dat God Hom bekommer?” Sy gevolgtrekking is dat hierdie teks vir ons geskryf is, en is daarom juis van toepassing op die kwessie van die vergoeding van mense wat in Christus se diens staan. Dis nie asof hy suggereer dat niemand hierdie vers voorheen kon verstaan nie. Paulus weet goed dat die letterlike landboukundige betekenis wel al in die verlede verstaan is. Maar die eintlike rede waarom dit neergeskryf is, sê Paulus, was om ons te leer, “ons” wat in die bedeling van vervulling leef. Of Paulus gedink het dat die oorspronklike skrywer/samesteller hiervan bewus was en of net God daarvan geweet het, is nie duidelik nie. Vir ons lyk dit egter vandag asof hy die teks uit sy konteks losmaak en dit slegs vir die retoriese effek daarvan gebruik. Dit bring ons by die belangrikste vraag in die bestudering van die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament, naamlik probeer ons beskryf hoe dit vir die outeurs van die Nuwe Testament gelyk het, of hoe dit vir ons lyk?

3. Uit ons oogpunt of uit hulle s'n?

Op grond van die outeurs van die Nuwe Testament se gebruik van vervullingstaal is dit duidelik dat hulle die lewe, dood en opstanding van Christus as 'n vervulling van die Skrif gesien het (1 Kor. 15:3-4). As 'n mens egter taalkundig daarna kyk, lyk dit allermens asof al die aanhalings beloftes is. Sommige van die vervullings lyk eerder soos die resultaat van spesiale pleitredes. 'n Gebrek aan duidelikheid oor die feit of navorsers probeer om te beskryf hoe dit vir die outeurs van die Nuwe Testament gelyk het, of hoe dit vir ons lyk, het tot groot verwarring gelei. Byvoorbeeld, sekere navorsers beklemtoon die verskil tussen eerste-eeuse eksegese en een-en-twintigste-eeuse soeke na historiese getrouheid. Verder gebruik hulle woorde soos “arbitrêre”, “*ad hoc*” en “buite konteks” om die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament te beskryf. Dit klink dan amper asof die outeurs van die Nuwe Testament geen respek vir die waarheid of die heiligheid van die Skrif gehad het nie. Hulle het eenvoudig die teks laat beteken wat hulle wou hê dit moet beteken. Hierdie tipe aanklag verreken egter nie hulle eksplisiete stand-

puntinname oor die gesag van die heilige Skrif nie. Wat ons ook al van die outeurs van die Nuwe Testament se eksegeese mag dink, dit is duidelik dat hulle *geglo* het dat hulle die ware betekenis van die teks oordra, en dat hulle verwag het dat hulle geadresseerdes daardeur oortuig moes word.

Aan die ander kant, navorsers wat weer fokus op die outeurs van die Nuwe Testament as goeie eksegete wat besig is om die ware betekenis uit die antieke tekste te haal, wys eintlik daardeur dat hulle onbewus is van moderne historiese studies. Dit is amper asof hulle as apologete optree: Jesaja moes dit so en so bedoel het, omdat Paulus sê dat hy dit só bedoel het – selfs al is dit opsigtelik duidelik dat die teendeel waar is as 'n mens taalkundig na die Ou Testament-tekste kyk.

Onder die navorsers by wie dit duidelik is dat hulle die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament vanuit *ons* perspektief beskryf, is daar drie dominante analogieë te bespeur. Hierdie drie is *ad hoc-retoriek*, *voorveronderstellingslense* en *artistieke effek*. Ons gaan hierdie perspektiewe agtereenvolgens aan die orde stel.

3.1 *Ad hoc*-retoriek

Paulus gebruik Deuteronomium 25:4 (“Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie”) as regverdiging vir die vergoeding van evangeliedienaars. Dit is onwaarskynlik dat die Deuteronomiumtekste sy beginpunt was. Hy is nie besig om 'n kommentaar op die boek te skryf nie (soos die geval wel was by sommige van die Qumran-skrywers). Hy bied dus nie hier sy eksegeese van Deuteronomium 25:4 aan nie. Inteendeel. Dit is duidelik dat hy in 1 Korintiërs besig is met 'n argument, en hierdie vers uit Deuteronomium het op 'n *ad hoc*-manier by hom opgekom. Soos Lindars (1976:64) sê:

The New Testament writers do not take an Old Testament book or passage, and sit down and ask, ‘What does this mean?’ They are concerned with the kerygma, which they need to teach and to defend and to understand themselves. Believing that Christ is the fulfilment of the promises of God, and that they are living in the age to which all the scriptures refer, they employ the Old Testament in an *ad hoc* way, making recourse to it just when and how they find it helpful for their purposes.

Alhoewel Lindars nie eksplisiet hieroor is nie, plaas ek hom nogtans in die kategorie van dié wat beskryf hoe dit vir ons lyk, aangesien ek dit as hoogs onwaarskynlik ag dat die outeurs van die Nuwe Testament hulle gebruik van die Skrif as *ad hoc* sou gesien het. Dit is eerder hoe dit nou vir ons lyk, ten minste volgens Lindars. Die waarde van hierdie standpunt

is waarskynlik juis die uitdaging wat dit stel. Enigiemand wat verskil van die mening dat die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament *ad hoc* is, moet 'n rede verskaf waarom 'n outeur daardie betrokke Ou-Testamentiese tekste gekies het, en hoe hy by sy interpretasie uitgekom het. Die meeste doen dit aan die hand van die lens-model.

3.2 Voorveronderstellingslense

Greg Beale (1998:128) sê oor die Openbaringboek dat “[what] to some may appear to be John’s novel interpretations of the Old Testament are the result of his new presuppositional lenses through which he perceives the Old Testament”. Johannes se gebruik van die Skrif is nie arbitrêr of *ad hoc* nie, maar die resultaat van 'n stel voorveronderstellingslense waardeur hy nou na die antieke tekste kyk. Volgens Beale (1998:128) is die merkwaardigste hiervan die volgende:

- (1) Christ corporately represents true Israel of the Old and New Testament;
- (2) history is unified by a wise and sovereign plan, so that the earlier parts of canonical history are designed to correspond typologically and point to later parts of inscripturated history;
- (3) the age of end-time fulfillment has been inaugurated with Christ’s first coming;
- and (4) in the light of points 2 and 3, the later parts of biblical history interpret earlier parts, so that Christ as the centre of history is the key to interpreting the earlier portions of the Old Testament.

As ons die waarskynlikheid van hierdie voorveronderstellings toegee, sê hy, “[then] John’s interpretation of the Old Testament shows a careful understanding of Old Testament contexts”. Aan die ander kant, as ons hierdie voorveronderstellings as vals sien, moet Johannes se interpretasie van die Skrif gesien word as “alien to the intention of the Old Testament” (Beale, 1998:128). Met ander woorde, wat vir ons mag lyk na “nuwe interpretasies” kan verklaar word deurdat ons die lense waardeur die outeurs van die Nuwe Testament die antieke tekste beskou het, verstaan (en aanvaar).

Etlieke navorsers dink inderdaad oor hierdie saak in terme van “lense”. Die model is egter nie sonder probleme nie. Dit is fundamenteel 'n model wat voorspelbaarheid suggereer. Daar is 'n direkte ooreenkoms (korrespondensie) tussen dit wat 'n mens sien en hoe dinge werklik is. Voorts, sodra jy vertrou is met die eienskappe van die betrokke lens, behoort jy die gevolglike interpretasies te kan voorspel. Maar wanneer 'n mens van lense in die meervoud begin praat, word die beeld minder bruikbaar. Hoe sal die interpreteerder immers dan besluit watter lens of kombinasie van lense om in 'n betrokke situasie te gebruik?

Met ander woorde, wat is die beginsel wat bepaal hoe 'n Nuwe-Testamentiese outeur sekere tekste aanhaal as letterlik waar, ander as waar, maar slegs in die lig van onlangse gebeure, ander net as waar wanneer dit in 'n variante vorm aangehaal word, ander net wanneer die bewoording gewysig word, en nog ander net wanneer aan hulle 'n omgekeerde of teenoorgestelde betekenis gegee word? Dus: die lensbeeld mag 'n toepaslike beskrywing vir elke geval op sy eie wees, maar dit het nie die verduidelikingskrag om alle gevalle te beskryf nie. Uiteindelik is daar altyd 'n dieper vraag: Wat bepaal die *keuse* van watter lens om te gebruik vir 'n spesifieke teks?

Byvoorbeeld, om te verklaar hoe Paulus in Romeine 3:10-18 die tekste wat 'n verskil tussen die regverdiges en die slegtes (Ps. 5, 10, 14, 36 en 140) aandui, kan gebruik as 'n bewys dat "sowel Jode as nie-Jode almal in die mag van die sonde is" (Rom. 3:9), stel Dunn (1988:149-151) voor dat Paulus nou die Skrif lees sonder die "blinkers of Jewish presumption of privilege". Daarvolgens kan tekste wat voorheen na nie-Jode verwys het, nou van toepassing gemaak word op Jode en tekste wat voorheen op Jode van toepassing was, ook op nie-Jode. En dit verklaar waarom Paulus in Romeine 9:25-26 beloftes wat gerig is tot Jode (uit Hosea) kan aanhaal en toepas op nie-Jode. Dit is egter eers wanneer Paulus 'n *spesifieke* standpunt oor nie-Jode (soos in Rom. 15:9-12) wil stel, dat hy dit nodig ag om 'n aantal tekste aan te haal wat die woord *ethne* ("nie-Jode") bevat. Sodoende kan Paulus partykeer tekste op nie-Jode toepas omdat hulle die woord "nie-Jode" bevat, en ander kere dieselfde tekste op Jode van toepassing maak, omdat daar nou geen onderskeid tussen Jode en nie-Jode bestaan nie. Watter tipe lens kan albei verskynsels verklaar?

Kritiek het ook vanuit 'n ander oord gekom. Baie skrywers het terme soos "Christologiese" of "Messiaanse" eksegetiese gebruik om aan te dui dat die lens hoofsaaklik die koms van Christus is. Ander skrywers argumenteer egter dat dit te eng is om die groot verskeidenheid tekste en interpretasies wat die Nuwe Testament bied, te beskryf. Steyn (1995) byvoorbeeld, ontken dat die toesprake in Handeling "Christologiese" eksegetiese as sentrum het. Dit is eerder "Teologiese" eksegetiese, aangesien die oorheersende motief is dat God se raadsplan besig is om tot voltooiing te kom. Dit kan verklaar waarom sommige tekste geïnterpreteer word in die lig van Christus se dood en opstanding, maar nie die meerderheid nie. Stefanus se toespraak, byvoorbeeld, is vol Ou-Testamentiese verwysings, maar weinig daarvan is op grond van 'n spesifieke Christologiese eksegetiese. Voorts, Richard Hays (1989:177) merk op dat die sleutel tot die verstaan van Paulus se gebruik van die Ou Testament nie 'n eng Christologiese lens is nie, maar breër kategorieë soos "God's purpose to raise up a worldwide community of people who confess his

sovereignty and manifest his justice". Hays sê inderdaad dat Paulus se hermeneutiek nie soseer "Christosentristies" is as wat dit "Ekklesio-sentries" is nie. God se doel was nog altyd om 'n volk daar te stel, en dit is presies dit wat die twee Testamente 'n eenheid maak, en sodoende word verhoed dat dit 'n geval word van blote "tipe" en "anti-tipe".

3.3 Artistieke effek

'n Derde moontlikheid om die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament vanuit ons perspektief te beskryf, is om nie te probeer om die bedoeling van die outeur te bepaal nie, maar om eerder te fokus op die boodskap wat hy met sy geskrif tot stand bring. Wat sy redes daarvoor ook al was, die outeur van Openbaring het 'n groot aantal tekste saam ingespan om iets nuuts te skep. Hierdie tekste was nog nooit voorheen só saam ingespan nie. Dit is soos 'n wonderlike simfonie, waar instrumente op mekaar inspeel, soms versterkend, soms met kontraste. Soms kom selfs komplekse harmonieë op dié manier tot stand. Die leser hoor "klanke" uit meer as een rigting. Een so 'n bron van betekenis is die logika. Tekste wat egter voorheen gebruik is, bring konnotasies wat ander kontekste oproep met hulle mee. Die leser moet, om betekenis-koherensie te verkry, hierdie verskeidenheid "klanke" of "stemme" op een of ander wyse orden. Die interpreteerder is daarom besig om iets te beskryf wat dinamies is, 'n ingewikkelde stel interaksies, eerder as 'n blote gefikseerde toestand.

Neem byvoorbeeld die Leeu/Lam-naasmekaarstelling in Openbaring 5. Die meeste kommentare interpreteer dit vanuit die lensmetafoor en stel dat die Ou-Testamentiese militêre verwagtings wat voorheen met die Leeu geassosieer is, nou in die lig van die geslagte Lam gesien moet word. Die eintlike manifestasie van die Messias as 'n offerlam is die lens waardeur alle militêre beelde nou gesien moet word. In 'n uitspraak wat dikwels aangehaal word, sê Caird (1984:75):

Wherever the Old Testament says 'Lion', read 'Lamb'. Wherever the Old Testament speaks of the victory of the Messiah or the overthrow of the enemies of God, we are to remember that the gospel recognizes no other way of achieving these ends than the way of the Cross.


Dit is egter 'n vraag of dit genoegsaam reg laat geskied aan die kragtige Lam-figuur in die res van die boek. Wanneer mense die beeld van die Lam in Openbaring teëkom, is dit nie sy die nederigheid en nietigheid wat hulle beïndruk nie. Hulle is verskrik deur sy krag. In die hoofstuk wat direk hierop volg, kruip hulle weg vir die toorn van die Lam (6:16). Wanneer die tien konings oorlog voer teen die Lam, word hulle heeltemal verslaan omdat hy die "Here van die heersers en Koning van die konings

is” (17: 14). Die Leeu het met ander woorde nie net ’n herinterpretasie ondergaan deur met die geslagte Lam geassosieer te word nie, maar die geslagte Lam het ’n herinterpretasie ondergaan deur geassosieer te word met die strydende Leeu. Dit is juis op hierdie punt dat die ontoereikendheid van die lens-beeld blyk. Per slot van sake is dit ’n eenrigtingbeeld. Dit beteken, dat as die betrokke lens voorwerpe kleiner of groter laat lyk, presies die teenoorgestelde waar is as ’n mens van die ander kant af daardeur kyk. Dit sal daarom nie kan dien as model vir die Leeu wat ’n herinterpretasie ondergaan deur teenoor ’n Lam gestel te word nie, en ’n Lam wat herinterpretasie ondergaan deur teenoor ’n Leeu gestel te word nie.

3.4 Voortsetting van die verhaal

Die laaste model wat ek graag wil noem, is “Voortsetting van die verhaal”. In reaksie op die werk van Richard Hays en Tom Wright, stel Sylvia Keesmaat dat wat voorheen gereeld gesien is as *ad hoc*-toespelings in Romeine 8:18-39, eintlik ’n versigtige hervertelling is van die Eksodus-verhaal. Sy dui aan dat die temas van Romeine 8:18-39, naamlik aanneming, leiding deur die Gees, God as vader aanroep, lyding, erfenis en heerlijkheid, almal temas is wat met die Eksodusboek geassosieer word. Teen hierdie agtergrond word frases soos “die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie” (Rom. 8:15) opnuut betekenisvol. Die eintlike sonde van die woestyngenerasie was hulle begeerte om na Egipte en slawerny terug te keer. Geesvervulde Christene moet nie hulle voorbeeld volg nie, maar eerder hulle beloofde land binnegaan. Keesmaat (1999: 228) erken openlik dat Israel se verhaal op ’n onverwagse wyse geëindig het, en daarom kan ’n mens nie eenvoudig op ’n onkritiese wyse die kontinuïteit tussen die nuwe en die oue beklemtoon nie. Dit is eerder die verhaal wat die aard van Paulus se gebruik van die Ou Testament bepaal. Die nie-Joodse Christene in Rome is dus opgeroep om die tradisie nie prys te gee nie, “for their own experience of God in Christ Jesus is rooted in the whole story of Israel. Adam and Abraham explain their past, the exodus gives meaning to their present, the whole story provides hope for their future” (Keesmaat, 1999:228). Natuurlik, as ons sou wou argumenteer dat dit net so geldig is vanuit ons perspektief, maak ons ’n stelling oor die waarheid van die Christendom (of ’n sekere vorm daarvan). Die “onverwagse” uiteinde van die verhaal was nie die enigste moontlike einde nie, soos wat die groei van Rabinistiese Judaïsme wys. Dit is waarom ek dit in albei kategorieë in die opsommende diagram (op die volgende bladsy) ingesluit het:

TAAK: Hoe om die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament te beskryf



4. Samevatting

Elizabeth Schüssler Fiorenza (1999:52) het onlangs gesê dat alle geskiedenis op die basis van analogie plaasvind. Getuieis rangskik hulleself nie sommer in patrone nie. Iemand moet 'n patroon daarop toepas en kyk of dit pas. Elke navorser gebruik sekere modelle of analogieë (verwysingsraamwerk, wêreldbeskouing, interpretasie-strategie, psigologie, literêre teorie) in 'n poging om sekere verskynsels (in hierdie geval, die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament) te verklaar. Maar geen enkele model of analogie laat gelyktydig reg geskied aan al die aspekte daarvan nie. Dit is 'n onweerlegbare feit dat die Nuwe-Testamentiese outeurs Christus as die vervulling van die Skrif gesien het. Dit sluit egter nie elke deur oop nie. Ander modelle word benodig om die *spesifieke* keuses en interpretasies wat in die Nuwe Testament voorkom, te verklaar. Party tekste suggereer inderdaad dat die sluier in Christus weggeneem is en dat die ware betekenis nou *vir die eerste keer* beskikbaar is. By ander tekste lyk dit weer asof Moses of Jesaja inderdaad die implikasies van wat hulle gesê het, verstaan het. In elk geval, as dit waar is dat 'n mens slegs die betekenis van die Skrif kan verstaan as jy "in Christus" is, dan sal die Skrif geen apologetiese waarde hê om ongelowiges tot ander insigte te bring nie.

Die betoog van hierdie artikel is dat die bestudering van die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament groter duidelikheid sal oplewer as navorsers nadink oor die betrokke model of modelle wat hulle gebruik. Dit is ook 'n implikasie, alhoewel dit nie in besonderhede beredeneer is nie, dat die ondersoek verryk sou word deur 'n multi-dimensionele benadering wat verskillende aspekte van die probleem kan belig. Dit sal sekerlik moeilik wees om te argumenteer dat slegs een van die sewe modelle korrek is en al die ander verkeerd. Elkeen het iets van die waarheid beet, soos ek hoop ek aangetoon het.

Bibliografie

- BEALE, G. 1998. John's use of the Old Testament in the Book of Revelation. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- CAIRD, G.B. 1984. A commentary on the Revelation of St John the Divine. 2nd ed. London : Black.
- DUNN, J.D.G. 1988. Romans 1-8. WBC 38, Dallas : Word Books.
- HAYS, R.B. 1989. Echoes of Scripture in the Letters of Paul. New Haven : Yale University Press
- GROLLENBERG, L. 1988. Unexpected Messiah. London : SCM.
- KEESMAAT, S. 1999. Paul and his story. (Re)interpreting the Exodus story. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- LINDARS, B. 1976. The place of the Old Testament in the formation of New Testament theology. *Novum Testamentum Studiorum*, 23:59-66.
- MOYISE, S. 1999. The Old Testament in the New: A reply to Greg Beale. *Irish Biblical Studies*, 21:54-58.
- MOYISE, S. 2001. The Old Testament in the New: An introduction. London & New York : Continuum.
- SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1999. Rhetoric and ethic. The politics of Biblical studies. Minneapolis : Fortress.
- STEYN, G.J. 1995. Septuagint quotations in the context of the Petrine and Pauline speeches in the Acta Apostolorum. Kampen : Kok.

Kernwoorde:

interpretasiemodelle: gebruik van die OT in die NT
multidissiplinêre benadering: OT in die NT

Key concepts:

models for interpretation: use of the OT in the NT
multidisciplinary approach: OT in the NT